

Hoe bid ek vir my land?

Aangepas uit die oorspronklike artikel wat ek op 26 Mei 2002 gedurende die plaasbesettings in Zimbabwe geskryf het.

Ek is bewus daarvan dat baie mense verwarring ervaar oor hoe om te bid, en ek verstaan die rede vir die verwarring. Ek dink dit is belangrik dat ons akkuraat bid – dit gee ons rigting en hoop en dit vermag baie. Behoort ons nie wanneer ons bid, na alles met geloof te bid nie – en dan glo dat dit waarvoor ons bid, beantwoord sal word nie?



Daarom dink ek dat ons as gelowiges meer doelgerig, doelbewus en in geloof verenig moet wees in dit waarvoor ons bid. Dit is hoekom ek graag die dinge waarvoor ek bid, met julle wil deel in die hoop dat dit vir julle van hulp sal wees.

Bystand in ons gebede

Eerstens, as 'n kort inleiding glo ek volgens die Skrif dat ons in ons gebede bygestaan word. Ons kan dit in die Ou Testamentiese tempelrituele sien. Die *goue wierookaltaar* het die gebede van die nasie verteenwoordig soos dit as wierook voor YHWH opgegaan het. Hierdie wierook moes *twee keer per dag* as *gedenkteken* aan YHWH gebrand word.

Daar is baie verwysings hierna, maar ek gaan nou net twee noem. Die wierookaltaar was geheel en al in goud omhul, wat heiligheid aangedui het (Hebreërs 9:4). Aan die wierookaltaar self was daar egter twee ringe vir die pale om deur te gaan vir

ondersteuning (Exodus 30:4). Hierdie twee *ondersteunings* het 'n diep geestelike betekenis en daar word in die Nuwe Testament daarna verwys. Ons word met ander woorde van twee kante in ons gebed ondersteun.

Die eerste ondersteuning

Rom 8:26 "En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

8:27 "En Hy wat die harte deursoek, weet wat die bedoeling van die Gees is, omdat Hy ooreenkomstig die wil van God vir die heiliges intree."

Ek glo hierdie is "*om in die gees te bid*" soos verduidelik is deur Paulus in 1Korintiërs 14:14,15. Dit verwys na gebed in tale soos deur die Gees gelei. Daar is verskeie verwysings hierna in beide die Ou en Nuwe Testamente. Ek bespreek hierdie onderwerp in meer diepte in my boek reeks, *Ontvang die Heilige Gees*. Die eerste drie boeke van hierdie reeks is op my webtuiste beskikbaar:

<https://www.henryjackson.online/product-page/gateway-to-the-kingdom-book-1>

Die Heilige Gees wat in ons woon, gebruik ons eie tonge om volgens die wil van die Vader vir ons te bid. Hierdie is 'n wonderlike *ondersteuning* vir ons gebede omdat ons weet dat wanneer ons geheel en al swak voel, ons nogtans "*ooreenkomstig die wil van God*" kan bid in 'n taal wat ons eie verstand te bowe gaan. (1Kor 14:14,15)

Die tweede ondersteuning word 'n paar verse daarna verduidelik.

Rom 8:34, "... Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree."

Dan sien ek dat ons gebede aan die Vader, YHWH, gerig is, en word van weerskante deur die ander twee Persone van die Drie-eenheid, Jesus, ons Groot Hoë Priester en die Heilige Gees, ondersteun. Dit is baie bemoedigend in 'n tyd wanneer dit dalk mag voel asof ons gebede nie gehoor word nie.

Om hierby aan te sluit, sien ek iets interessant in die volgende twee Skrifgedeeltes:

Open 5:8 "en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is."

Open 8:3 "En 'n ander engel het gekom en met 'n goue wierookbak by die altaar (die ware wierookaltaar waarvan Moses 'n afskrif vir die tabernakel in die woestyn gemaak het) gaan staan, en baie reukwerk is aan hom gegee, om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê;

8:4 "en die rook van die reukwerk het met die gebede van die heiliges uit die hand van die engel opgegaan voor God.

8:5 "En die engel het die wierookbak geneem en dit met vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde

gegooi; en daar het stemme gekom en donderslae en weerligte en aardbewing.”

In beide hierdie Skrifgedeeltes sien ons dat die gebede van die heiliges net soos reukwerk na God die Vader opgegaan het, *direk na die troonkamer*. Ek merk ook dat *baie reukwerk bygevoeg is* – duidelik van die gebedsondersteuning afkomstig aan weerskante van ons - van Jesus, ons Groot Hoë Priester (*“omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree”* - Hebreërs 7:25) en van die Gees (Wie vir ons – deur ons – volgens die wil van God bid. Romeine 8:26,27).

Ek merk dan egter die gevolg van daardie gebede – die **wierookbak wat vol vuur gemaak word en op die aarde gegooi word**. Dit is natuurlik God se oordeel wat namens die heiliges, **as ‘n direkte gevolg van hulle gebede**, geregtigheid bewerkstellig. Hoe weet ek dat die heiliges vir geregtigheid gebid het? Die Skrif sê dit duidelik:

Open 6:9 “... sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die woord van God en die getuienis wat hulle gehad het.

6:10 “En hulle het met ‘n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?”

Dit was dus heeltemal reg dat die heiliges vir geregtigheid gebid het. Die heiliges het in die eerste eeu onder ‘n bose en korrupte Romeinse regering soortgelyk ervaar as wat ons vandag in Zimbabwe en ander lande van die wêreld ervaar – geweldige teëstand en vervolging. Ek glo dat dit dus belangrik is dat ons volgens die Skrif moet bid.

Jesus, ons Hoë Priester, tree vir ons in. Ons verstaan dat Hy beskryf word as die *“Woord van God”* (Johannes 1:1,14). Wanneer ons die Woord bid, ontvang ons gebede die ondersteuning van ons Hoë Priester aangesien Hy die Woord IS. Dit is ag geneem, vind ek dan spesifieke rigting vir my gebede vir ons lande van Zimbabwe en Suid-Afrika – en enige ander land. Daar behoort geen verwarring te wees nie. Terwyl ek hierdie gedagtes met ‘n bejaarde pastoor deel, het hy die volgende Skrif vir my uitgewys:

1Kor 14:8 “Want as die basuin ook ‘n onduidelike klank gee, wie sal klaarmaak vir die oorlog?”

Aangesien hierdie Skrif in konteks van *gebed in die Gees* is, glo ek dit is tyd vir die Christen leiers om **duidelike rigting vir gebed** te gee sodat ons as ‘n volk spesifiek en direk in ons gebede kan wees. Hier volg dan so ‘n basuin se geroep. Ek bid dat hierdie roepe vir gebed duidelik, direk en stewig op die beginsels van die Skrif gebaseer sal wees.

Hoe moet ek dan bid?

Kom ek verdeel dit in verskeie kategorië:

Vir die regering en sy leiers:

‘n Skrifgedeelte wat dikwels aangehaal word, is:

1Tim 2:1 “In die eerste plek vermaan ek dan dat smeking, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense;

- 2:2 *“vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons ‘n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.*
- 2:3 *“Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser,*
- 2:4 *“wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.”*

Ek het as gevolg van hierdie Skrif dikwels gehoor hoe mense die skynbaar-geestelike gebed bid, *“Here, seën vir Mugabe en sy kabinetslede.”*

Persoonlik het ek ‘n probleem daarmee – miskien is ek nie so ‘n geestelike mens nie. Ek sien egter nêrens in die bogenoemde Skrifgedeelte dat ons vir die seën van mense moet bid wat aan boosheid en die verwoesting van ‘n nasie toegewyd is nie.

In die bogenoemde Skrifgedeelte word ons vermaan om te bid – en dit sê spesifiek dat smeking (dringende versoeke) *“namens alle mense”* gedoen moet word. Hieruit verstaan ek dat ons versoeke – gebede – vir die bereiking van ‘n spesifieke doelwit sal wees wat *tot voordeel van alle mense* sal lei deur vrede te bewerkstellig, of om mense tot verlossing te bring, of tot die afbreek van arrogante harte.

As ‘n mens sê, *“Ek bid vir hierdie en daardie persoon,”* is daardie persoon eintlik net besig om die aksie waarmee hulle besig is, te beskryf. Die vraag kan dan net sowel uit die hemel kom, *“Goed, jy bid, maar waarvoor vra jy nou eintlik?”* Gebed is veronderstel om ‘n versoek aan YHWH te wees vir iets spesifiek, bv. *“Sal U my asseblief leiding gee in ‘n besluit wat ek*

moet neem.” – Dit is ‘n gebed – want dit is ‘n spesifieke versoek.

Wanneer die bogenoemde Skrif in Timótheüs ons dan opdrag gee om te bid, gee dit nie in hierdie gedeelte vir ons veel leiding waaroor ons moet bid nie – die gee ons slegs die opdrag dat ons vir ons regering behoort te bid. Die gevolg van ons gebede behoort *tot voordeel van die nasie* as ‘n geheel te wees – veral wat geestelike herlewing betref, want hy sê,

1Tim 2:4 “... wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.”

As ons dus begeer om te weet presies HOE ons vir ons regering behoort te bid – d.w.s watter spesifieke versoeke ons moet maak – moet ons op ander plekke in die Skrif vir leiding soek. Kom ons kyk na sulke Skrifgedeeltes:

Ons vind in die Psalms spesifieke gebede wat vir ons uiteengesit is volgens ons huidige situasie, en ons sien oor en oor hoe die Psalmskrywer vir die *verwoesting van die bose* gebid het. Hier is ‘n Psalm wat ek dikwels deur die jare gebruik het wanneer die bose ‘n aanval op my geloots het, en al my gebede wat op hierdie Skrif gebaseer was, is op wonderlike maniere beantwoord:

Psa 35:1 “YHWH, twis met die wat met my twis; bestry die wat my bestry!

35:2 “Gryp die klein skild en die grote, en staan op as my hulp!

35:3 “En trek die spies uit en stuit my vervolgers! Spreek tot my siel: Ek is jou heil!

- 35:4 *“Laat hulle wat my lewe soek, beskaamd staan en in die skande kom; laat hulle wat my ongeluk beraam, agteruitwyk en rooi van skaamte word!*
- 35:5 *“Laat hulle word soos kaf voor die wind, terwyl die Engel van YHWH hulle wegstoot.*
- 35:6 *“Laat hulle weg duister en glibberig wees, terwyl die Engel van YHWH hulle vervolg!*
- 35:7 *“Want hulle het sonder oorsaak die kuil met hul net vir my verberg, hulle het sonder oorsaak gegrawe teen my lewe.*
- 35:8 *“Laat verwoesting oor hom kom sonder dat hy dit weet, en laat sy net hom vang wat hy gespan het; laat hom daarin val met verwoesting!*
- 35:9 *“Maar my siel sal juig in YHWH, dit sal bly wees in sy heil.*
- 35:10 *“Al my beendere sal sê: YHWH, wie is soos U? U wat die ellendige red van die wat sterker is as hy; ja, die ellendige en behoeftige van sy berower!”*

Dit is nou ‘n baie direkte gebed – daar is geen twyfel waarvoor die Psalmskrywer vra nie, en as ‘n mens die lewe van koning Dawid bestudeer, is dit duidelik dat God sy gebede beantwoord het presies soos hy hierbo gevra het. As jy dalk dink dat hierdie kras en ongeestelik is, onthou dat daar na Dawid as *“n man na God se hart”* verwys is!

Die waarskuwings teen boosheid – veral dié van bose heersers – is so baie dat ek onmoontlik hulle almal in hierdie artikel kan aanhaal. Die Skrif waarsku die bose oor die

algemeen dat hulle eie boosheid hulle tot 'n val sal bring. Gebede wat in die Skrif opgeskryf is, hou dan verband met hierdie algemene beginsel:

“YHWH, U sê dat U sal veroorsaak dat die bese sal struikel en val, U sê dat U hulle planne sal verwar. Ek vra nou dat U volgens u Woord 'n groot verwarring in die range van die leiers van boosheid sal bring, sodat hulle planne tot niet sal gaan en vernietig sal word. Ek bid dat net soos U vir Farao verwyder het, U die leiers van Zimbabwe wat aan die uitvoering van boosheid toegewyd is, sal verwyder, en dat U in hulle plek manne sal plaas wat U vrees, manne wat op u Woord sal reageer en daarvolgens sal optree.”

Ja, dit bid ek regtig,

“YHWH, verwyder asseblief vir Mugabe en sy hele Zanu PF bende. Verwar hulle planne en vernietig hulle in hulle eie boosheid.”

Sommige mag dalk sê, “Maar hy is jou president – hoe kan jy hom teëstaan?” My antwoord kom weereens uit die Skrif,

*Spr 28:17 “'n Mens wat gedruk word deur die bloed van 'n mens, sal vlug tot by die graf; **laat niemand hom vashou (ondersteun) nie.**”*

Die NASB Engelse Bybel stel dié Skrif so:

*Prov 28:17 “A man who is laden with the guilt of human blood (skuldig aan moordpleeg) will be a fugitive until death; **let no one support him.**”*

Mugabe het vir sy eie selfsugtige gewin en mag doelbewus 'n pad van haat en bitterheid gekies, en hy is persoonlik

veratwoordelik vir die moord van der duisende mense. Ek kan hom nie ondersteun of vir sy seën bid nie. Ek bid eerder dat sy val vinnig sal kom sodat ons nasie van sy bose planne verlos kan word. Daar is talle ander wêreldleiers wat aan dieselfde misbruik van mag skuldig is.

Die Skrif sê,

Spr 29:1 "n Man wat baie bestraf is, en sy nek verhard, sal onvoorsiens verbreek word sonder dat daar genesing is."

Ek haat hom nie – ek sal myself nie toelaat om in sy spoelput van haat ingetrek te word nie. En tog staan ek sterk vir geregtigheid – en ek oordeel volgens regverdige oordeel, soos wat die Skrif vir ons sê om te doen.

‘n Regter gaan nie van haat beskuldig word as hy ‘n moordenaar veroordeel nie. Dit is nie as gevolg van haat dat hy oordeel vel nie, dit is eerder vir die vestiging van reg en geregtigheid wat hy optree, en hy voer slegs sy plig uit – om met geregtigheid te oordeel. Ons as God se volk behoort die sake van hierdie lewe te kan beoordeel en volgens daardie regverdige oordeel, te bid.

Ek bid spesifiek dat God die bose planne van die bose sal vernietig en dat Hy ‘n goddelike regering sal oprig wat die bose sal dissipleneer en hulle Godgegewe plig sal uitvoer deur geregtigheid toe te pas. Geregtigheid is noodsaaklik vir die stabiliteit en voorspoed van ‘n nasie, en ons behoort te bid dat geregtigheid te midde van hierdie waansinnigheid wat ons in Zimbabwe (en in ander lande regoor die wêreld) ervaar, sal seëvier.

Die Skrif sê,

*Spr 29:4 “’n Koning **hou deur reg die land in stand**, maar ‘n man wat belastings afpers, verwoes dit.”*

Spr 24:24 “Hy wat vir die skuldige sê: Jy het reg! —die volke sal hom vervloek, die nasies sal hom verwens.

*24:25 “Maar met die wat **onpartydig straf**, gaan dit goed; en oor hulle kom die seën van voorspoed.”*

20:26 “’n Wyse koning wan die goddelose uit en laat die dorswiel oor hulle draai.”

Hierdie gedagte lei my na ‘n ernstige saak waarvoor ons vir die land moet bid:

Oorlog?

Ek dink dit is duidelik aan almal wat die gebeure van ons nasie volg dat dit nie baie sal vat om ‘n burgeroorlog te ontketen nie. ***Ons moet ten alle koste daarteen bid!*** Oorlog skep diepgesetelde bitterheid en haat en sinnelose bloedvergiëting. Ons nasie word halsoorkop in diepe armoede en hongersnood gedompel. Massas boere is uit hulle huise gesit en hulle vele werknemers is haweloos gelaat. Die verpletterende tekort aan mieliemeel, asook ander tekorte van die bevolking se stapeldieet veroorsaak alreeds die sterftes van der duisende mense aan hongersnood. Die hewige ondoeltreffendheid van die regering om hierdie situasie reg te stel, saam met omkopery en korrupsie op elke vlak, beteken dat die bevolking vinnig ‘n massiewe katastrofe begin betree. ***Die geskiedenis het bewys dat hierdie dinge ‘n resep vir ‘n burgeroorlog is.***

Die situasie is uiters ernstig en dit is ons plig as Christene om oorlog deur middel van gebed af te wend. Hoe moet daardie gebede lyk? Ek glo dit is eenvoudig. Ons moet bid dat ons huidige regering so gou as moontlik uit hulle magsposisie verwyder sal word. Ons kan nie meer bekostig om rond te speel met sagte sogenaamde geestelike gebede nie. *Ons moet direk, ernstig en in eenheid bid.*

Vir ons blanke boere

Hierdie dapper mense het teen die verskriklikste misbruik en haat van die regerende party opgestaan. Ek word aan hierdie Skrif herinner:

Psa 69:1 "Verlos my, o God, want die waters het tot by die siel gekom.

69:2 "Ek sink in grondelose modder waar geen staanplek is nie; ek het in waterdieptes gekom, en die stroom loop oor my.

69:3 "Ek is moeg van my geroep, my keel brand, my oë versmag terwyl ek wag op my God.

69:4 "Die wat my sonder oorsaak haat, is meer as die hare van my hoof; die wat klaar staan om my te vernietig, wat sonder grond my vyande is, is magtig; wat ek nie geroof het nie, moet ek dan teruggee."

In antwoord op die noodkreet van sy hart, bied die Psalmeskrywer self 'n gebed wat ons as 'n modelgebed kan gebruik om vir ons boere te bid:

Psa 69:13 "Maar ek—my gebed is tot U, o YHWH: in die tyd van genade, o God, verhoor my deur die grootheid van u goedertierenheid, deur die trou van u heil!

69:14 "Red my uit die modder en laat my nie sink nie; laat my gered word van my haters en uit waterdieptes.

69:15 "Laat die waterstroom nie oor my loop en die diepte my nie verslind nie, en laat die put sy mond bo my nie toesluit nie!"

Ek bid dat God bonatuurlik vir die boere sal ingryp en wat ookal geweldig van hulle gesteel is, herstel sal word, meer as waarmee hulle begin het.

Toe ek en my vrou aangerand, en soveel van ons besittings geweldig van ons gesteel is, het ons op hierdie manier gebid, en God het wonderbaarlik veroorsaak dat die diewe gevang word. Geregtigheid het geskied en die meeste van ons besittings is gevind - of vervang met beter as wat ons voorheen gehad het. God kan dit vir julle boere doen, en dit is my gebed vir julle. Ek bid egter vir meer as net dit:

Ek sien ook in die Skrif dat die blankes in Suid-Afrika nie per ongeluk hier beland het nie – ons is eerder hier deur 'n goddelike aanstelling van God. Ek verstaan dat ons die nageslag van die antieke volk van Israel is en dat God se oorspronklike doeleinde met Israel en sy belofte aan Abraham steeds geld. [Ek het 'n deeglike studie gemaak van hierdie lering en 'n boek daarvoor geskryf. Die boek sal binnekort op my webwerf beskikbaar wees onder die reeks titel: *Koninkryke in konflik, Boek 4: Groot roeping – onwaarskynlike boodskapper.*](#)

Die verbond wat YHWH met Abraham gesluit het, was dat hy so geseënd sal wees dat sy nageslag tot ‘n seën vir al die nasies op aarde sal wees (Genesis 12:3). Ons (Abraham se nageslag) is geroep om ‘n *dienskneg nasie* te wees en die ander nasies van die wêreld te bedien soos wat die volgende Skrif bevestig.

Jesaja praat profeties met die volk van Israel en hy sê,

*Jes 41:8 “Maar jy, Israel, **my kneg**, Jakob, wat Ek uitverkies het, nageslag van Abraham, my vriend,*

*41:9 “jy, wat Ek gegryp het van die eindes van die aarde en van sy uithoeke geroep het, en Ek het aan jou gesê: **Jy is my kneg**; jou het Ek uitverkies en jou nie verwerp nie.*

41:10 “Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.”

Jesaja profeteer later aan dieselfde volk wanneer hy sê,

Jes 54:15 “As hulle ook die aanval begin—dit is nie uit My nie; wie jou aanval, sal oor jou val.”

*54:17 “Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die **knegte** van die YHWH en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die YHWH.”*

Deur die eeue het YHWH se dienskneg volk vyande gehad wat hulle wou vernietig, en keer op keer het YHWH ons wonderbaarlik van ons vyande verlos. Dit sou vir ons maklik

wees om in hoogmoed op te staan en, as gevolg van God se seën op ons as volk, op meerderwaardigheid aanspraak te maak. Hierdie is egter juis die ding wat ons eie verwoesting keer op keer meegebring het. *Hoogmoed (arrogansie) is ons grootste vyand.*

Sefanja het spesifiek oor ons (die verstrooides) in Suidelike Afrika geprofeteer,

*Sef 3:11 “... want dan sal Ek uit jou midde **wegruim** die wat in jou **oormoedig jubel**, en jy sal jou nooit hoogmoedig gedra op my heilige berg nie.”*

Ek ervaar dat YHWH tans presies dit doen – ons hoogmoed verwyder. Dit is moeilik maar noodsaaklik.

Ek sien dat YHWH besorgd is oor ons ingesteldheid en Hy sal ellende gebruik om met daardie ingesteldheid af te reken as dit nodig is. Daarom is my gebed vir die boere (en die blankes in ons land) dat die Heilige Gees ons harte sal versag en ons na Hom toe sal terugbring en ons arrogante trots vinnig sal verwyder. Ek bid dat ons in ons nood na Hom sal draai en dat ons Hom in opregtheid en in waarheid sal dien.

Hosea 2:6,7 sê dít van Israel,

*Hos 2:6 “Daarom, kyk, Ek sal jou weg **met dorings** toemaak en om haar ‘n muur bou, sodat sy haar paaie nie sal vind nie.*

*6:7 “En sy sal haar minnaars agterloop, maar hulle nie inhaal nie; en sy sal hulle soek, maar nie vind nie. Dan sal sy sê: **Ek wil heengaan en terugkeer na my vorige man, want toe het ek dit beter gehad as nou.**”*

Hierdie gedeelte verwys na die verwoesting van Israel en haar ballingskap weg van YHWH (haar Man), en hoe YHWH sou veroorsaak dat dinge vir haar moeilik raak met die uitdruklike doel dat sy weer na Hom sou terugkeer. Hy sê later in Hosea,

Hos 5:15 “... In hulle nood sal hulle My soek.”

Hoe dikwels het YHWH ellende gebruik om Israel na Hom terug te draai?

Ek bid dan vir ‘n herlewing onder die boere, ‘n verootmoediging van ons harte en ‘n opregte bekering voor YHWH van ons eie sonde en trots. Hierdie bid ek omdat ek glo dat herlewing onder die blankes in ons land ‘n belangrike sleutel in die ontvouing van YHWH se doeleindes vir Suidelike Afrika gee – insluitend die verlossing en onderhoud van miljoene swartmense op ons kontinent.

Dit bring my dan na die finale deel van my gebed:

Die swartmense van Zimbabwe (Afrika)

Wat ‘n kosbare groep mense is hierdie nie! Die buitewêreld het hierdie nasie nog net deur die oë van korrupte individue in ons regering gesien. Dit is ‘n valse beeld. Ons wat al onder die swartmense gebly en skouer-aan-skouer saam met hulle gewerk het, weet dat hulle nederige mense met wonderlike sterkpunte en talente is.

Ek weet dat baie van ons ook frustrasies beleef om saam met hulle te werk, maar wanneer ek die rede vir ons frustrasies bestudeer, sien ek ongelukkig dat die swartmense laag

gebring en vernietig is deur hulle *slawerny aan towery* – waaronder die groot meerderheid ly.

Die swartes is egter gou om op die evangelie te reageer – baie gouer as ons blankes – en dan kom die volgende Skrif by my op:

Psa 68:31 “... Kus (die Hebreeuse naam vir Ethiopië, wat beteken swart) sal haastig sy hande uitsteek na God.”

Ek glo dat ons (blanke nageslag van Israel) se doel hier is om ‘n seën tot hierdie kosbare mense te wees. Om hulle in diens te neem, om hulle op te hef totdat hulle stewig op hulle eie voete kan staan. Menigte wonderlike swart Christen manne en vroue het opgestaan en hoogtes bereik wat 100 jaar gelede nooit moontlik gelyk het nie, en hulle het hulle plek langs ons as Christen besigheidsmanne en -vroue ingeneem, leiers in hulle eie reg. Daarin is ons taak voltooi.

Dit is my gebed dat hierdie swart nasies die boeie van towery en voorvaderaanbidding sal afskud en in ‘n nuutgevonde gesag in Christus sal opstaan.

Ek bid dat hulle sal word wie God hulle geskape het om te wees, dat hulle hul eie plek van uitnemendheid sal inneem – ingeënt in God se olyfboom van nasies.

Dit is waarom my grootouers as sendelinge na Zimbabwe gekom het, en waarom ek in Zimbabwe bly (en nou in Suid-Afrika). Ek bid dat die herstel van plase die vestiging van honderde mini-sendingstasies regoor die land tot gevolg sal hê – sentrums vir die verkondiging van die evangelie en die doeltreffende produksie van voedsel vir hierdie land en die omliggende nasies. Ek bid dat ons nie net die broodmandjie

van Suidelike Afrika sal wees nie, maar aangesien brood die lewe verteenwoordig, dat ons 'n springplank vir die evangelie van lewe vir Afrika en die wêreld as geheel sal wees.

Stel jou voor wat met honderde van hierdie minisendingstasies bereik kan word – en die praktiese opleiding van der duisende Christen werkers wat vrygemaak is van die boeie van towery. O Here, mag dit gou gebeur!

Mat 24:14 “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.”

As ons plase herstel is, ons besighede geseënd is en 'n nuwe goddelike regering ingestel is, wat sal die nagevolge in elkeen van ons se persoonlike lewe wees? Sal ons ons nuutgevonde vrede en voorspoed vir die uitbreiding van die evangelie gebruik, of sal ons vinnig vergeet en na ons ou weë terugkeer? Dit moet elkeen persoonlik aan God beantwoord.

Jos 24:15 “... maar ek en my huis, ons sal YHWH dien.”

Ek sluit hierdie artikel met 'n ou lied af wat ons destyds gesing het:

Keep me true, Lord Jesus

Keep me true

Keep me true, Lord Jesus

Keep me true

There's a race that I must run

There are victories to be won

Give me power every hour

To be true

Mag YHWH jou help en lei soos wat jy vir ons geliefde nasie en sy mense bid. Mag ons gebede soos die pyle van 'n kundige boogskutter hul teiken bereik.

Met baie liefde aan elkeen van julle,

Henry D Jackson